

1 Junie**2 Samuel 18:1-19:14****Oordenking: Absalom sterf. (2 Samuel 19:8-10)**

Absalom het enkele dae tevore nog die mense teen Dawid opgesweep en nou wou hulle weer hulle koning, Dawid, terughê. Groot skares mense is bekend daarvoor dat hulle emosies soos handomkeer kan verander. Daarom moet ons leef volgens 'n hoër morele kode as die goedkeuring en tevredenheid van die meerderheid. As jy leef volgens die beginsels wat in God se Woord uiteengesit word, sal jy nie maklik deur die meerderheid se mening en optrede beïnvloed word nie.

2 Junie**2 Samuel 19:15-20:13****Oordenking: Joab vermoor vir Amasa. (2 Samuel 20:7-10)**

Joab se moorddadige en bedrieglike dae het weereens ongestraf gebly, net soos die keer toe hy vir Abner doodgemaak het (3:26, 27). Hy is egter uiteindelik deur sy dae ingehaal, en geregtigheid het geseëvier (1 Konings 2:28-35). Dit lyk soms vir ons asof sonde en bedrog ongestraf bly, maar God se geregtigheid is nie tot die dinge van hierdie lewe beperk nie. Selfs al het Joab uiteindelik van ouderdom gesterf, sou hy nog steeds voor God se oordeel te staan kom.

3 Junie**2 Samuel 20:14-22:20****Oordenking: Rispa en haar Seuns. (2 Samuel 21:1-14)**

Die Bybel vertel nie vir ons meer omtrent die wraak wat Saul teen die Gibeoniete geneem het nie, maar dit was klaarblyklik 'n ernstige saak. 'n Mens sou egter nog steeds kon vra waarom Saul se seuns dan doodgemaak is vir die moorde wat hulle vader gepleeg het? Dit was in baie lande van die Midde-Ooste, ook in Israel, die gebruik om die hele familie verantwoordelik te hou vir die vader se misdade. Die rede daarvoor was dat die familie as 'n onverdeelbare eenheid beskou is. Saul het die Israeliete se belofte aan die Gibeoniete (Josua 9:16-20) verbreek, en dit was 'n ernstige oortreding teen God se wet (Numeri 30:1, 2).

4 Junie**2 Samuel 22:21-23:39****Oordenking: Dawid besing God se grootheid. (2 Samuel 22:22-24)**

Dawid het beslis nie probeer sê dat hy nog nooit sonde gedoen het nie. Ons lees juis in Psalm 51 van sy ontsettende sielewroeging oor die sonde wat hy teen Urija en Batseba gepleeg het. Dawid het ook goed geweet dat God getrou is, en dit was die grondslag vir sy lied. Hy het besef dat God hom na sy sonde weer rein gemaak het, ja, "witter as sneeu" (Psalm 51:9), en dat hy weer 'n "rein hart" (Psalm 51:12) kon hê. Ons word van sonde gereinig deur die dood en opstanding van Jesus Christus. Sy reinheid en vergifnis neem die plek van ons sonde in, sodat God nie meer ons sonde sien nie.

5 Junie**2 Samuel 24:1-25****Oordenking: Dawid laat die volk tel. (2 Samuel 24:25)**

2 Samuel is die verhaal van Dawid se koningskap. Sedert Israel se aankoms in die beloofde land onder leiding van Josua, was hulle in 'n stryd gewikkel om die volk te verenig en die bose inwoners van die land te verdryf. Nou, meer as 400 jaar later, was daar uiteindelik vrede in Israel. Dawid het vermag wat geen leier voor hom - en dit sluit rigters en konings in - kon regkry nie: sy regering was gegrond op toewyding aan God en die welsyn van die volk. En tog het Dawid ook sonde gedoen deur die volk te laat tel. Nogtans noem die Bybel hom 'n man na God se hart (Handelinge 13:22), want hy het sy sonde erken en dit voor die Here bely. Hy het ook sy hele lewe aan God gewy, en was deurgaans 'n lojale dienaar van God. Die Psalms bied 'n duidelike beeld van Dawid se liefde vir God.

6 Junie**1 Konings 1:1-53****Oordenking: Salomo tot koning gesalf. (1 Konings 1:49, 50)**

Soms moet 'n mens eers "gevang" word voordat jy bereid is om afstand te doen van jou planne. Toe Adonia hoor dat sy planne op die lappe gekom het, het hy paniekbevinge na die altaar, die hoogste simbool van God se vergifnis, gehardloop. Hy het egter daarheen gegaan nadat sy verraderlike planne bekend geword het. As Adonia eers gaan sit en dink het wat God se wil was, sou hy talle probleme uitgeskakel het. Moenie wag totdat jy vir jouself probleme op die hals gehaal het, en dan eers na God toe hardloop nie – dit is tog soveel beter om God om leiding te vra voordat jy optree.

7 Junie**1 Konings 2:1-3:1****Oordenking: Salomo trou met die Farao se dogter. (1 Konings 3:1)**

Koninklikes van die Midde-Oosterse lande het in daardie tyd dikwels met lede van ander koningshuise getrou, om sodoende die vrede tussen lande te bewaar. Salomo se huwelike het wel gesorg vir vriendskaplike betrekkinge tussen hom en die ander regeerders, maar dit was ook die begin van sy uiteindelijke val. Deur daardie bande het heidense gebruike en idees 'n vastrapplek in sy lewe gekry. Salomo se vrouens uit die heidense lande het hulle afgode saam met hulle na Jerusalem geneem, en hom op daardie manier geleidelik tot afgodediens verlei.

Dit is maklik om te probeer voorgee dat godsdiensverskille onbelangrik is as 'n verhouding tussen twee mense aan die ontwikkel is, maar verskille wat op die oog af klein en onbenullig lyk, kan 'n geweldige invloed op so 'n verhouding hê. God gee vir ons riglyne vir al ons verhoudings - ook die huwelik. As ons God se wil voor oë hou en daarvolgens leef en optree, sal ons alles, ook ons verhoudings, in die regte perspektief sien.

8 Junie**1 Konings 3:2-4:34****Oordenking: Salomo vra God om insig. (1 Konings 3:6-9)**

Toe God aan Salomo die geleentheid gegee het om enigiets van Hom te vra, het hy Hom om wysheid en insig gevra, sodat hy sy volk reg sou lei en die regte besluite sou neem. Ons kan God ook om daardie wysheid vra (Jakobus 1:5). Het jy opgemerk dat Salomo om die nodige insig vir sy werk gevra het - hy het die Here nie gevra om die werk vir hom te doen nie. Ons moet God nooit vra om die dinge wat Hy deur ons wil doen, vir ons te doen nie. Nee, ons moet Hom liever om die nodige wysheid vra, sodat ons sal weet wat om te doen, en ook om die moed en deursettingsvermoë, sodat ons dit dan sal doen.

9 Junie**1 Konings 5:1-6:38****Oordenking: Salomo besorg oor die arbeiders. (1 Konings 5:13, 14)**

Salomo het drie keer soveel arbeiders as wat nodig was vir die bouwerk aan die tempel aangestel, en die werkroosters so opgestel dat dit nie vir enigeen nodig sou wees om lank van sy huis af weg te wees nie. Dit was 'n aanduiding van sy besorgdheid oor sy arbeiders, en die waarde wat hy aan die gesinslewe geheg het. Die krag van 'n volk hou direk verband met die krag van die gesinne van daardie volk. Salomo het in sy wysheid geweet dat die gesin altyd die hoogste prioriteit moet geniet. As jy jou eie werksprogram moet opstel of dié van ander moet beplan, moet jy altyd bewus wees van die invloed wat dit op jou eie gesin, én op die gesinne van ander gaan hê.

10 Junie

1 Konings 7:1-51

Oordenking: Salomo se paleis. (1 Konings 7:41-46)

Hiram se koper- en bronswerk sou vreemd gelyk het in ons kerke van vandag, maar daar is vandag nog Christene wat 'n verskeidenheid voorwerpe gebruik om die plek van aanbidding te versier. Hulle gebruik dinge soos gebrandskilderde glas, kruise, kansels, gesangeboeke, doopvonte en nagmaaltafels as hulpmiddels by die eredienste. Daardie hulpmiddels wat tydens aanbidding gebruik word, mag wel verander en wissel, maar die doel met aanbidding mag nooit verander nie: dit is naamlik om God te vereer en te verheerlik.

11 Junie

1 Konings 8:1-66

Oordenking: God se woonplek. (1 Konings 8:29)

Het die Here regtig in die tempel gewoon? Nee, God is oral. Hy het nie 'n woonplek nodig nie. Die tempel was net 'n sigbare simbool van God se onsigbare teenwoordigheid. Hy was egter op 'n baie spesiale manier in die tempel teenwoordig. God het nie vandag 'n tempel nodig nie, want Hy woon in Sy kinders se lewens!

12 Junie

1 Konings 9:1-10:29

Oordenking: Die rykdom, weelde en mag van Salomo. (1 Konings 10:23)

Waarom beklemtoon die Bybel Salomo se materiële rykdom so baie? In die Ou Testamentiese tyd is rykdom beskou as 'n sigbare bewys dat 'n mens deur God geseën word. Voorspoed was gesien as die teken dat jy reg leef. In die boeke Prediker en Job word hierdie gedagte in die regte perspektief geplaas. Onder ideale omstandighede sal mense voorspoedig wees as God aan die stuur van hulle lewens is, maar nêrens word ons belowe dat ons voorspoedig sal wees nie - ons besit geen waarborg vir voorspoed nie. Voorspoed is ook geen bewys dat iemand reg leef voor God nie. Alles wat ons ontvang, is God se goedheid vir ons.

Dit is trouens 'n groter bewys dat 'n mens vir God leef as jy lyding en vervolging kan verduur (Markus 10:29, 30; 13:13). Die grootste "skat" wat 'n mens kan hê, is nie aardse rykdom nie, maar hemelse rykdom (Matteus 6:19-21; 19:21; 1 Timoteus 6:17-19). Die heel grootste en kosbaarste skat wat enige mens kan besit, word nie met geld gekoop nie - dit is die geskenk van verlossing wat God vir almal aanbied.

13 Junie

1 Konings 11:1-12:19

Oordenking: Salomo verontagsaam God se bevele. (1 Konings 11:2)

Die Here het Salomo uitdruklik verbied om met vroue uit vreemde en heidense volke te trou, maar hy het daardie verbod doelbewus verontagsaam. Hy het ook nie met net een heidense vrou getrou nie - nee, hy het sommer 'n hele aantal heidense vrouens gehad, en hulle het hom uiteindelik van die Here af weggelok. Die Here weet goed wat ons menslike sterk én swak punte is en Sy bevele is altyd vir ons eie beswil. Daar is mense wat Sy bevele ignoreer, maar dit het altyd negatiewe gevolge. Dit is nie genoeg om God se Woord te ken en selfs daarin te glo nie - nee, ons moet daarvolgens leef en dit elke dag op ons besluite en optrede toepas. Jy moet God se bevele in 'n baie ernstige lig beskou. Salomo, met sy besondere wysheid, was in hierdie opsig nie so slim soos hy gedink het nie.

14 Junie

1 Konings 12:20-13:34

Oordenking: 'n Profeet wat na mense geluister het. (1 Konings 13:7-31)

God het hierdie profeet uitdruklik verbied om enigiets te eet of te drink voordat hy sy opdrag uitgevoer het (13:9). Hy het gesterf omdat hy na 'n mens geluister het, wat daarop aanspraak gemaak het dat hy 'n boodskap van God aan hom moes oordra. Hy moes nie na die mens geluister het nie, en moes dus nie op hoorsê gereageer het nie - hy moes nêr na God self geluister het. Jy moet ook altyd vertrou op wat die Skrif sê, en nie op die dinge wat volgens mense reg en waar is nie. As die boodskappe wat volgens ander mense van God kom, nie ooreenstem met wat die Bybel sê nie, moet jy daardie "boodskappe" ignoreer.

15 Junie

1 Konings 14:1-15:24

Oordenking: Die tempel word beroof. (1 Konings 14:25)

Die tempel en paleis is 'n skrale vyf jaar na Salomo se dood deur invallers geplunder. Hoe gou het Salomo se mag, rykdom en glorie nie verdwyn nie! Toe die mense eers geestelik afvallig begin raak het, het hulle baie gou alles wat hulle gehad het, verloor. Hulle besittings en aardse rykdom het vir hulle belangriker as God geword. As ons God uit ons lewens laat verdwyn, dan word alle ander dinge nutteloos en waardeloos, hoe kosbaar dit ook al vir ons mag lyk.

16 Junie

1 Konings 15:25-17:24

Oordenking: God voorsien in Elia se behoeftes. (1 Konings 17:10)

God het van Israel verwag om na Sy profete om te sien en in hulle behoeftes te voorsien. Daarom is dit des te meer ironies dat Hy deur middel van kraaie, wat onrein voëls was, en 'n weduwee uit dieselfde land as Isebel, in Elia se behoeftes moes voorsien. God se hulp kom dikwels uit onverwagse oorde. Hy voorsien in al ons behoeftes, en wel op maniere wat dikwels glad nie ooreenstem met ons beperkte verwagtings en insig nie. Hoe bitter jou beproewings ook al vir jou mag lyk en voel, en hoe hopeloos jou situasie ook al in jou eie oë mag wees, soek altyd na God se hand en na Sy sorg. Jy sal Sy voorsienigheid dalk op vreemde plekke aantref!

17 Junie

1 Konings 18:1-46

Oordenking: Elia en die profete van Baäl. (1 Konings 18:21)

Elia het die mense uitgedaag om standpunt in te neem en die ware God te volg. Waarom was so baie mense dan huiwerig om te kies tussen God en Baäl? Party was dalk nie seker wie die ware God was nie, maar daar was ander wat goed geweet het dat die Here God is, maar vir wie dit voordelig en aangenaam was om Agab in sy afgodediens na te volg. Dit is van die allergrootste belang om vir die Here standpunt in te neem. As ons net saam met die stroom swem omdat dit gemaklik en aangenaam is, sal ons eendag moet uitvind dat ons al die jare 'n afgod aanbid het en daardie afgod is niemand anders as onself nie.

18 Junie

1 Konings 19:1-21

Oordenking: Elia vlug vir Isebel. (1 Konings 19:11-13)

Elia het geweet dat daardie sagte fluistering God se stem was, en hy het ook besef dat Hy Homself nie net altyd op magtige en kragdadige maniere openbaar nie. As ons net op "groot" plekke soos saamtrekke en in "groot" dinge soos dinamiese leiers na God gaan soek, sal ons Hom dalk nie vind nie. Hy kan meestal gevind word in die sagte fluistering deur Sy Woord, wat die nederige hart hoor. Luister jy na God? Word 'n slag stil, kom weg van die geraas en gewoel van jou bedrywige lewe, en soek in nederigheid en stilte na Sy leiding. Jy sal dit vind wanneer jy dit die minste verwag.

19 Junie**1 Konings 20:1-21:29****Oordenking: Agab verootmoedig hom voor God. (1 Konings 21:29)**

Agab was die heel slegste koning wat Israel ooit gehad het (16:30; 21:25), maar toe hy opreg en nederig berou kry oor sy sondes en dit voor God bely, het Hy Agab verhoor en sy straf ligter gemaak. Dieselfde God wat aan Agab medelye betoon het, wil ook vandag aan jou medelye betoon. Hoe sleg jy ook al was en wat jy ook al gedoen het - dit is nooit te laat om jou voor God te verootmoedig en Hom met opregte berou om vergifnis te vra nie.

20 Junie**1 Konings 22:1-54****Oordenking: Miga waarsku vir Agab. (1 Konings 22:52, 53)**

1 Konings begin met die verhaal van Israel as verenigde volk onder die leiding van koning Dawid, die mees toegewyde koning in die geskiedenis van daardie volk. Die boek eindig egter met die verhaal van Israel se verdeeldheid wanneer Agab, die slegste koning wat die volk ooit gehad het, sterf. Wat het dan gebeur? Die volk het vergeet dat God hulle enigste leier is; hulle het menslike leiers aangestel wat Hom nie as God wou erken nie, en hulle het die slegte en verkeerde leefwyse van daardie leiers nagevolg. Eers het hulle net af en toe verkeerde dinge gedoen, maar daardie "af en toe" het geleidelik al hoe meer geword, totdat die sonde later hulle leefwyse was. Hulle blatante sonde kon net een gevolg hê, en dit was dat God hulle swaar moes straf. Daarom het Hy hulle vyande toegelaat om Israel en Juda aan te val en te verslaan. As ons weier om God as die hoogste gesag, die leier van ons lewe te aanvaar, gee ons die eerste tree in die rigting van vernietiging.

21 Junie**2 Konings 1:1-2:25****Oordenking: Elisa volg Elia op. (2 Konings 2:9)**

Elisa het God gevra om hom tweekeer so kragtig soos Elia te maak. Dit was 'n voortvarende versoek, maar God het dit toegestaan. Waarom? Omdat Elisa se motiewe suiwer was. Hy wou nie graag beter of kragtiger as Elia wees nie, maar wel meer vir God uitrig. Ons hoef ook nie bang te wees om vir God groot dinge te vra as ons motiewe suiwer is nie. As ons Hom om krag of vermoëns op sekere gebiede vra, moet ons ons eie hart deeglik ondersoek om seker te maak dat ons motiewe nie selfsugtig is nie.

22 Junie**2 Konings 3:1-4:7****Oordenking: Die weduwee se olie. (2 Konings 4:6)**

Die weduwee en haar seuns het by hulle bure kruike gaan haal, en al daardie kruike uit hulle klein erdekannetjie begin vol gooi. Die olie het eers opgeraak toe hulle nie meer kruike oorgehad het nie. Die aantal kruike wat hulle vol gemaak het, is vir ons 'n aanduiding van hulle geloof. God se voorsienigheid was net so groot soos hulle geloof en hulle gehoorsaamheid. Ons moet ook vandag versigtig wees om God se seën nie deur ons eie kleingelowigheid en ongehoorsaamheid te beperk nie.

23 Junie

2 Konings 4:8-5:27

Oordenking: Naäman word genees van melaatsheid. (2 Konings 5:9-15)

Naäman was 'n held en hy was gewoon daaraan om met eerbied en agting behandel te word. Daarom was hy so vererg toe Elisa hom soos 'n doodgewone mens behandel. Hy sou Elisa se woorde seker nog kon aanvaar as hy hom in 'n groot rivier moes gaan was, maar die Jordaan was 'n onaansienlike rivier. Hy het dit as benede sy waardigheid beskou om hom daar te gaan was. Maar Naäman moes eers nederig word en maak soos Elisa sê voordat hy gesond kon word. Gehoorsaamheid aan God begin by nederigheid. Ons moet glo dat Sy weë beter as ons eie is. Ons verstaan dalk nie altyd hoe Hy werk nie, maar Hy sal ons sien as ons aan Hom gehoorsaam is. Ons moet onthou dat (1) God se manier die regte en beste manier is; (2) Hy gehoorsaamheid meer as enigiets anders van ons wil hê, en ook dat (3) Hy enigiets kan gebruik om Sy doel te bereik.

24 Junie

2 Konings 6:1-7:20

Oordenking: Die Arameërs vlug. (2 Konings 7:3-10)

Die melaatses het die verlate kamp ontdek en besef dat hulle lewens gered was. Hulle het aanvanklik vergeet van hulle landgenote wat in die stad besig was om van honger te sterf, en die blye nuus net vir hulleself gehou. Ons moet die Goeie Nuus van Jesus Christus ook aan ander vertel, want dit is die heel belangrikste nuus op aarde. Ons moenie vergeet van daardie mense wat besig is om te sterf sonder dat hulle daarvan weet nie. Ons moet ook nie so vasgevang raak in ons eie geloof, dat ons dit nie met die mense om ons deel nie. Ons moet ook, soos die melaatses, nie wag "tot ligdag" nie, maar ons wonderlike nuus vir almal vertel.

25 Junie

2 Konings 8:1-29

Oordenking: Elisa waarsku vir Gasael (2 Konings 8:12, 13)

Elisa het vir Gasael gesê dat hy 'n verskriklike sonde sou doen. Gasael het dadelik teëgestribbel en gesê dat hy nooit sulke verskriklike dinge sou doen nie. Hy het dus nie erken dat hy tot sulke boosheid in staat was nie. Ons, wat vandag in 'n "verligte" tyd en samelewing woon, dink ook maklik dat ons verhewe is bo gruwelike sondes en dat ons beheer het oor ons dade. Ons glo dat ons nooit so laag sal daal nie. Ons moet egter vanuit 'n Bybelse en realistiese oogpunt na onself kyk, en erken dat ons tot ontsettende sonde in staat is. Dan sal ons God vra om ons te versterk sodat ons nie sonde sal doen nie.

26 Junie

2 Konings 9:1-10:36

Oordenking: Jehu se bewind. (2 Konings 10:30, 31)

Jehu het baie van die dinge wat die Here hom beveel het gedoen, maar hy was nie met sy hele hart aan God gehoorsaam nie. Hy was wel die instrument waardeur God geregtigheid laat geskied het, maar hy was nie Sy dienaar nie. Hy het net gepraat oor sy diens aan God, en aangehou om die goue afgode te aanbid. Maak seker hoe jy in jou hart oor God voel. Dit is moontlik om hard vir Hom te werk sonder om met oorgawe volkome aan Hom gehoorsaam te wees.

27 Junie

2 Konings 11:1-12:21

Oordenking: Joas se bewind. (2 Konings 12:2)

As God in iets "belê" lewer dit altyd wonderlike resultate op. Jojada, die hoëpriester, was 'n goeie leermeester vir Joas. Die priester se geloof in God het Joas vir die res van sy lewe beïnvloed. Goeie bedoelings moet met dade versterk word. Joas het uitvoering gegee aan God se plan met sy lewe solank hy geluister het na Jojada se raad. Ons moet God se leiding volg ten opsigte van al ons planne en dade - en ons kry Sy leiding baie duidelik in Sy Woord. Ons lewens sal ook goeie vrugte dra as ons na God se raad luister.

28 Junie

2 Konings 13:1-14:29

Oordenking: Jerobeam die tweede (2 Konings 14:28)

Jerobeam was nie aan God getrou nie, en tog was Israel onder sy oorlogsugtige bewind en tydens sy slim administrasie magtiger en ryker as tydens enige ander bewind sedert die tyd van Salomo. Die profete Amos en Hosea vertel egter vir ons wat régtig in die koninkryk aan die gang was (Hosea 13:4-8; Amos 6:11-13). Jerobeam het hom nie gesteur aan regverdigheid of geregtigheid nie. As gevolg daarvan het die rykes net al hoe ryker geword, en die armes al hoe armer. Die mense het al hoe meer op hulle eie mag, sekuriteit en besittings begin staatmaak, en al hoe minder op God. Die armes het so verdruk gevoel, dat hulle beswaarlik kon glo dat God nog hoegenaamd raaksien hoe sleg dit met hulle gaan. Materiële voorspoed dui nie altyd op God se seën nie. Dit kan ook die gevolg van selfsug en selfgesentreerdheid wees. As jy op materiële gebied voorspoedig is, moet jy altyd onthou dat ons voor God verantwoording sal moet doen vir die manier waarop ons ons rykdom bekom het, en ook vir die manier waarop ons dit gebruik.

29 Junie

2 Konings 15:1-16:20

Oordenking: Asarja word koning. (2 Konings 15:4)

Hoewel Asarja baie bereik het, het hy, net soos sy vader Amasia en sy oupa Joas, ook nie die afgodsaltaars en tempels vernietig nie. Asarja het die konings van wie hy as kind gehoor het, en wat hy as kind bewonder het, probeer naboots. Hoewel sy vader en sy oupa goeie konings was, was hulle nie op alle gebiede goeie voorbeelde nie. As ons nie deur swak voorbeelde beïnvloed wil word nie, kan ons na die volmaakte voorbeeld kyk wat Christus vir ons gestel het. Wat jou opvoeding ook al was, en watter invloede daar ook al in jou lewe was, jy kan bokant al daardie dinge uitstyg as Christus jou voorbeeld is en as jy elke dag probeer leef soos Hy geleef het.

30 Junie

2 Konings 17:1-18:12

Oordenking: Israel word gestraf. (2 Konings 17:7-9)

Die Here het die volk van Israel geoordeel omdat hulle die voorbeeld van die heidense volke om hulle gevolg het, valse gode aanbid het, heidense gewoontes aangeleer het, en hulle eie begeertes bevredig het. Dit is nie vir ons veilig om die gewoontes van die wêreld na te volg nie, omdat goddelose mense dikwels baie selfsugtig leef. Israel het uitgevind dat om selfsugtig te leef, ernstige gevolge het. Dit is soms moeilik en ook pynlik om God te volg, maar dink goed na oor die alternatief. Jy kan vir God leef, of vir jouself sterf. Besluit om aan God gehoorsaam te wees, watter prys jy ookal daarvoor moet betaal. Wat God van jou dink, is immers belangriker as wat die wêreld van jou dink (Romeine 12:1, 2; 1 Johannes 2:15-17).